The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

BEELD **2014-06-23** **Page: 20**

AVE: R 9378.06



Badger se fut is uit toe hy na SA kom

Fiksie

One Shot
Amanda Coetzee
PAN MACMILLAN, R195

One Shot is die vierde spanningsverhaal uit Amanda Coetzee se pen. Hierdie keer is die enigmatiese speurder Badger in Suid-Afrika. Eintlik moet hy maar liewer in Engeland bly.

'n Mens het Badger in Coetzee se eerste speurverhaal, *Bad Blood*, leer ken. In die tweede, *Redemption Song*, was jy verslaaf aan hom.

Sy agtergrond is net so interessant soos sy persoonlikheid.

Sy ma het hom as agtjarige op 'n kermisterrein gelos en hy is deur Ierse sigeuners grootgemaak. Baie van sy intuïsie en die manier waarop hy werk, spruit uit sy informele, maar baie spesifieke opvoeding.

Wat in die eerste boek begin, word op net groter skaal in *Redemption Song* voortgesit. Dit is 'n uiters spannende verhaal oor die smokkelhandel in mense.

Die interessante ooreenkomste tussen swerwers in verskillende lande en die maniere waarop hulle saamwerk wanneer nodig, bied heerlike leesstof.

In *One Shot* is Badger se teenstander 'n skerpskutter (Tom) met 'n donker verlede. In Engeland is hy 'n huurmoordenaar met 'n eie agenda. Badger volg hom na Suid-Afrika. Die twee mans verstaan mekaar, ten spyte van hul verskille en daar is selfs aangrypende interaksie tussen die twee.

Die verhaal laat jou nie koud nie, maar die tegniese versorging laat veel te wense oor. Jy dink nog jy lees die een ding, dan is daar iets wat glad nie sin maak nie.

Nog iets wat pla, is die manier waarop die Suid-Afrikaanse polisiemanne voorgestel word.

Dit is nie nodig om hulle blink te vryf nie, maar so ellendig kan dit darem nie wees nie.

Dan is daar foutiewe inligting soos dat daar geen direkte vlugte van Kaapstad na Londen is nie. Dis onverskoonbaar.

Die skrywer laat ook 'n onverstaanbare en (in die leser se oë) onverskoonbare moord toe.

Coetzee sal diep moet nadink oor hoe sy jou weer in onwaarskynlike liefde gaan laat glo.

– ***Mariana Malan**, kunsredaksie,* Die Burger